



# Nanu se taxi


Marion Drew

Afrikaans




Hello! My naam is Nanu. Ek wag saam met my ma vir 'n taxi. Ons gaan huistoe.






Hier staan ek in die tou. My ma sing vir my 'n liedjie. "Kom Mnr. Taxi, sien jy nie? Ons wag, ek en Nanu!"



Die vrou lanks aan my vat haar hoenders huistoe. Hulle sal eiers lê vir haar om to eet.



Hierdie manne kom van die werk af. Hulle glimlag vir my. Ek hoor hoe hulle sing, "Hey klein Nanu, moet jou nie bekommer nie. Die taxi kom vinnig."




'n Vrou loop verby. Sy is 'n baie knap vrou. Is haar skoenie nie mooi nie? Hulle gaan "klap, klap, klap...klap, klap, klap..." wanneer sy verby loop.




Hierdie man verkoop koeldrank. Ek hou van koeldrank. Hulle is so koud en soet. Hou jy van dit?




Kyk! Daardie vrouens vat hul aandete op hul koppe huistoe. Is hulle nie slim nie?




Daardie vrou laat haar hare doen. Sy gaan vanaand met haar maaitjies uit.



Nou is ek moeg. My ma sit my op haar rug waar ek kan rus. Sy sing, "Asseblief Mnr Taxi moet nie laat wees nie, Ouma wag by ons hek."




Daar is my maaitjie Tumi. Hy rus ook. Ons gaan amper by die huis wees.



Daar bo vlieg die voëls huistoe. Hulle moet voor dit donker word huis toe gaan.




Hierdie vrou het mooi oorbelle. Ek dink sy het hulle vandag in die dorp gekoop. Wanneer ek groot is sal ek baie oorbelle vier ek en my ma koop.




My ma word nou moeg. Ek sing vir haar 'n liedjie, "Asseblief Mnr Taxi, kom nou, ons wag, ek en my ma."




Wag! Ek hoor die taxi! Hier kom hy!!!




Dit is ons groot rooi taxi. Hy het gekom om ek en my ma huis toe te vat. Ek is baie bly!




Totsiens!!!

# Nanu se taxi

Writer: Marion Drew
Illustration: Marion Drew
Translated By: Lara Grealy
Language: Afrikaans



© Marion Drew, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative